# "DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG
(Jaargang 22 - nr. 33)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."
Johannes 1:14

## 14 Augustus 2022 (Voorbereiding)

## EREDIENS: Dr. Petrus Venter

**Erediens – 9h30**
**Voorbereiding**

### LITURGIESE GEGEWENS

**Skriflesing:** Openbaring 18: 1 - 24
Teks: **Openbaring 18: 9, 11,17b-19**
**Sing- VOORAF SANG: Ps 9: 1, 9, 10**
**TYDENS EREDIENS: Ps.68:15; Ps. 119:14; Ps. 103: 1, 3; Ps. 103: 10, 11**

### *IN WATTER STAD WOON EK?!*

**Op. 18.** ***9 Die konings van die aarde wat onsedelik met haar gelewe en hulle daarin verlustig het, sal huil en te kere gaan oor haar wanneer hulle die rook sien soos sy verbrand word. 11 Die sakemanne van die aarde huil en kerm oor haar, omdat daar niemand meer is om hulle goed te koop nie:... 17b-19 Al die skeepskapteins en almal wat êrens heen vaar, die matrose en almal wat van die see lewe, het ver weg gestaan en het geskreeu toe hulle die rook sien soos sy verbrand word. Hulle het gesê: "Watter stad kon met dié groot stad vergelyk word?" Hulle het stof op hulle koppe gegooi en geskreeu. Hulle het gehuil en gekerm en gesê: "Hoe vreeslik, hoe vreeslik! Die groot stad! Almal wat skepe op see het, het ryk geword van haar skatte. In een oomblik is sy verwoes!"***

- Die ingaan in Babilon.
- Die verlange na 'n beter stad, 'n beter plek.
- Wat staan ons nou te doen?

**Vooraf sang:** Ps 9: 1, 9 ,10

**Ontmoetingsdiens**
Votum
Lofsang: Ps. 68:15
Geloofsbelydenis
**Apostoliese Geloofsbelydenis**

**Verootmoediging en versoeningsdiens**
Wet
Sing:
Ps. 119:14

**Woorddiens**
**Gebed**
Sing: Ps. 103: 1, 3

**Skriflesing: Openbaring 18: 1 - 24**

**Teks: Openbaring 18: 9, 11, 17b - 19**

**Preektema**
**IN WATTER STAD WOON EK?!**

**Antwoorddiens**
Slotgebed

Kollekte
Liefdesdiens kollekte – DVB (Diakonie)
By die deure – Emeritaatsfonds

**Slotsang**
Sing- Ps. 103: 10, 11

**Wegstuurseën**

